

WEEK 8 – HERLEWING, 2 KRONIEKE 7: 13-15.

2 Kronieke 7:13-15.

13 **As (wanneer)** Ek die hemel toesluit, dat daar geen reën is nie, of **as (wanneer)** Ek die sprinkaan beveel om die land af te eet, of **as (wanneer)** Ek pes onder my volk stuur, 14 **en (indien)** my volk, oor wie my Naam uitgeroep is, hulle verootmoedig en bid en my aangesig soek en hulle bekeer van hul verkeerde weë, **dan (daarna) sal Ek (verseker)** uit die hemel hoor en hulle sonde vergewe en hulle land genees.15 Nou sal my oë oop wees en my ore luister na die gebed van hierdie plek.

Inleidend.

Ons pad sovêr:

- Die Here het Sy seën van ons land onttrek (vers 13) – daaroor het ons reeds gesels.
- Hy (die Here) verwag in reaksie daarop 4 handeling (vs.14) van sy kinders (m.a.w. Suid Afrikaanse Christene)
 - Verootmoedig / verneder julleself – daaroor het ons reeds gesels.
 - Draai van julle bese weë – **daaroor is ons tans besig om te gesels.**
 - Bid – daaroor moet ons nog gesels
 - Soek My aangesig – daaroor moet ons nog gesels.
- Vorige keer – Ons het begin gesels oor korporatiewe sondes – die sondes wat ons pleeg vanweë ons assosiasie met die kerk, ons volk en ons land/regering.

Hierdie week – sondes van die kerk in Suid-Afrika.

Jy sal onthou ons het laas gesels oor die 1944 besluit van die NG kerk om Apartheid op bybelse gronde te regverdig. Ons het daardie sonde namens ons voorgangers bely en die Here gevra om genesing vir ons land te bring. Hierdie week – **sondes van die kerk van ons eie geslag / tyd.**

Voor ons begin– wat is die taak, roeping van die kerk? Jy sal saamstem – as ons nie seker is oor die rol en roeping van die kerk nie, is nie moontlik om uit te wys en te bely waar die kerk oortree nie.

God se oorspronklike opdrag aan die kerk:

*Matt. 28:19: “ Gaan dan na al die nasies toe en **maak die mense my dissipels**: doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees, en 20 **leer hulle** om alles te onderhou wat Ek julle beveel het.”*

- Maak dissipels
- Leer hulle.

Ons opdrag dus: Maak dissipels:

Wat is 'n dissipel: 'n Dissipel is 'n “learning believer”. Die opdrag is dus om volgelinge van Jesus te maak en dan om hulle met kennis toe te rus. Anders gestel –a. Help mense om tot geloof/bekering te kom (believers) en b. onderrig hulle, leer hulle op om volwasse in Christus te word (learning believers)

Die kerk in Suid Afrika (met enkele uitsonderings), hartseer om te sê, versuim tot 'n groot mate om enige van hierdie 2 opdragte uit te voer.

Sonde 1: Ons versuim as kerk om bekeerlinge (believers) te maak.

Kom ons noem 'n spade 'n spade:

- In hoeveel gemeentes in ons land, word kerk bywoners gereeld, ernstig, uitgedaag om hulle te bekeer?
- In hoeveel gemeentes word sonde nog op sy naam genoem, in liefde, om te oortuig van sonde, geregtigheid en oordeel (Joh. 16:8) – juis sodat hulle hul kan bekeer?
- In hoeveel gemeentes landwyd word mense gewaarsku van die verskriklike ewige gevolge van versuim om Jesus as verlosser aan te neem nie?
- In hoeveel gemeentes word daar gewaarsku oor die verskrikkinge van die hel?
- Watter persentasie van gereelde kerk bywoners verstaan werklik waaroor wedergeboorte gaan en watter persentasie het 'n getuienis van persoonlike bekering en stap 'n pad van heiligmaking?
- In hoeveel gemeente landwyd het dit “politiees inkorrekt” geword om lidmate te waarsku or sonde, oor die hel en oor bekering. Ter wille van politieke korrektheid en vrees vir skade aan gevoelens, los ons 'n menigte om verlore te gaan!
- Het dit nie dalk waar geword van die kerk en gelowiges waaroor gewaarsku word in Romeine 1:16 – ons skaam ons oor die evangelie van Christus, juis oor dit wat God se krag tot redding vir ongelowiges is!

Ons lees in Jeremia 8:11: *“En hulle genees die verbreking van die dogter van my volk op die maklikste manier deur te sê: **Vrede, vrede!** — **terwyl daar geen vrede is nie.**”*

Ons lees ook in Esegïël 33:6 – *“wanneer die wag die vyand sien aankom en nie die ramshoring blaas sodat die mense gewaarsku word nie, en die vyand kom en maak party van die land se mense dood, dan sterf dié mense wel deur hulle eie sonde, **maar Ek sal van die wag rekenskap eis vir hulle dood.**”*

Vriende – ons dien 'n God wat nie kan lieg nie (Titus 1:2). Ons, as Sy kinders en Sy kerk gaan rekenskap gee daarvoor dat ons nie Sondag vir Sondag sondaars gewaarsku het en opgeroep het om hulle te bekeer nie! Ons sal rekenskap gee daarvoor dat ons eerder sê vrede, vrede, terwyl daar geen vrede in ons land is nie, mense wat verlore gaan word deur die kerk gesus, eerder as gewaarsku!

Het ons as kerk nie “geside track” geword van hierdie kern, kardinaal belangrike opdrag van ons Here Jesus – maak dissipels (believers, bekeerlinge, nuwe gelowiges) van alle mense? Ek glo ons het!

Kom ons bid saam.

“Here, ek is deel van U kerk in Suid-Afrika. Ek bely persoonlik, en ook namens my kerk, sy predikers en sy lidmate, dat ons U duidelike opdrag uit Matt. 28 nie uitvoer met ons hele hart, siel en vermoëns nie. Ons versuim dikwels om ongelowiges in liefde te waarsku oor die gevolge van hulle sondes. Ons versuim om week vir week verlore nes op te roep om hulle te bekeer en weergebore te word. Ons versuim om te leer en te verduidelik wat die wedergeboorte behels en te leer hoe om weergebore te word. Ons versuim om te bid vir ongelowiges, dag en nag, soos U dit van ons verlang.

*Here – ons kan net soos die tollenaar op ons bors slaan en sê: **Ons is skuldig, vergewe ons asseblief.***

Help ons Here, as U kinders en U kerk, om erns met hierdie opdrag te maak. Gee ons die moed en die oortuiging en die krag om nie kompromie te maak met U Woord, en U boodskap van verlossing vir 'n verlore gaande wêreld nie. Help ons om opnuut te ontdek die waarheid van u Woord, dat ons ons nie moet skaam oor U en die evangelie van Jesus Christus nie – ons weet dit en slegs dit, is die krag van God tot redding vir elkeen wat glo. Dankie, dat U ons vergewe en reinig die oomblik wat ons bely.

Ons, as U kinders en U kerk, onderneem verder om:

- *Te begin bid vir verlore mense soos nooit tevore nie.*
- *U boodskap van verlossing, die krag tot redding, sonder skaamte of verskoning uit te dra, tydens ons eredienste, ook in ons daaglikse omgang met mense.*

Amen.

Volgende week, DV.

Die 2e sonde van versuim – ons verwaarlosing as kerk van lering (teaching) asook ander sondes wat die Here op ons hart mag lê.

Seënwense

MPG gebed span.